

14 April

Skrifgedeelte: Spreuke 2:1-9

Fokusgedeelte: Spreuke 2:2b, 3

Insig ... dieper (in)kyk as bloot bolangs!

Die Spreukedigter aan die woord met die mooiste woorde en sinne om die Woord van die lewende Here in menseharte in te dra. Praktiese lewenswysheid ... Spreuke wat 'n mens as kind van die Here aanspreek. Sêgoed wat van een waarheid na die ander sin maak. Waarhede om te ontdek en op die lewenskoers saam te neem ... Eeue oud, maar tog nuutvars in die ongelooflike Ou-Testamentiese boek opgeskryf. Die Spreukeboek ... lewensboek.

Roep insig by ... Só leer Spreuke 2:3. Maar in vers 2 staan woorde wat nie ongemerk, ongelees gelaat mag word nie. *Span jou in om te verstaan.* “Verstaan” wat soveel meer beteken as om “deur te kyk” en nie “vas te kyk” nie. En om te verstaan, moet “insig” bygeroep word. Diep in te kyk en anderkant deur te kyk. Nie bolangs loer nie. Nie oppervlakkig nie. Ingang en deurgang tot in die diepste diep van die waarheid ... God se waarheid. Lewenswaarheid. Diep inkyk in wat geopenbaar word. Om met insig te verstaan en met gesonde begrip te kan lewe. Jou hiertoe in te span. In die diepwaters van die wonder van God se guns en genade. Sy beloftes te ervaar en te beleef. Dit na te jaag, op te spoor soos 'n verlore skat. Diepgang ondanks die sirkelgang van dag en lewenstyd. Verstaan, insig, gesonde begrip ...

Die eie maak van die voorskrifte lei daartoe dat 'n mensekind na kosbare dinge soek. In die lewe te verstaan hoe die Here gedien moet word en Hom werklik te ken. Insig ... Met geloofsoë dieper as die blote oog inkyk. Raaksien dat die Here goed is. Dat Hy wondersterk is. Te kan inkyk in die onsigbare. Insig in die raad van God wat onkeerbaar is. Insig in die raaisels van die lewe. Tyd en ewigheid. Hoop en wanhoop.

Uitsig op die Golgotakruis. Insig dat juis Jesus se kruisoffer vergesigte open vir die werklike verstaan van hoe lief die hemelse Vader sy kinders het. Selfs vir my met my menslik-beperkte insig.

Sing: Psalm 119:22

Dr. PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)